

15 DESEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 144
FOKUSGEDEELTE: PSALM 144:1-2

In donker tye is die Here ons krag

In donker tye kan jy jou toevlug tot God neem en by Hom krag kry. Nie net die geskiedenis van die volk Israel nie, maar ook ons eie land se geskiedenis is vol voorbeelde hiervan. In jou eie lewe sal jy ook talle voorbeelde kan vind. Daarom kan 'n gelowige kind van die Here, ook in donker tye, sing: "U is my krag en my skuilplek, my veilige vesting en my redder..." Dit is hoe Israel die Here geken het en dit is hoe ons Hom ook kan ken.

Dat dít so is, is 'n wonder, want wat is die mens tog dat die Here hom sou wil ken en aan hom dink? Maar juis dít, die nietigheid en verganklikheid van die mens, is die rede waarom ons ons toevlug tot God moet neem. Hy is immers onverganklik, Hy alleen kan mense red en Hy alleen kan voorspoed gee. Daarom bid die digter om die oorwinning en om welvaart vir die volk van die Here: in die huisgesinne, op die landerye, op die weivelde en in die stede.

In en deur ons Here Jesus Christus het God ons noodkreet beantwoord, die noodkreet van 'n wêreld in ellende weens die sonde. Hy het ware uitkoms gebring en deur sy Woord en Gees gee Hy dit ook aan ons. Bid daarom in jou nood tot God én sing, uit blydschap vir die uitkoms wat Hy sál gee, 'n nuwe lied tot die eer van sy Naam.

Sing: Psalm 46:1 (1936- of 2001-beryming) Ds Jannie van der Schyff (Welkom-Noord)